Tema: Ervaar ware lewensvervulling in wie jy is as beeld van God en nie in wat jy doen nie!

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 448: 1, 2, 3, 4
Lied 464: 1, 3
Lied 553: 1 spesiaal vir ons kinders (2 X)

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 151: 1
Votum
Seën
Loflied: Ps. 18-2: 1, 7 (Tweede melodie)
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Verootmoedigingsdiens
Wet: Fokus op Eerste gebod, HK vraag 94
Sing: Ps. 116-1: 1, 9
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Genesis 1: 26 - 2:4
Prediker 1A: 12 - 2:11 en 2:17 - 26
Teks: Genesis 1: 26 en Prediker 2: 24 - 26
Sing: Sb 3-4: 1, 5
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite
Sing Sb 2-4: 1, 2
Wegstuurseën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Wat maak dat jy jou bestaan as betekenisvol en vervullend ervaar? Dat jy aan die einde van ʼn dag of ʼn week vir jouself kan sê: Dit was ʼn goeie dag of ʼn goeie week in my lewe? Hierdie vraag was nogal vir my ʼn krisisvraag aan die begin van my langverlof! Ek het regtig soort van ʼn identiteitskrisis beleef toe ek nie meer my werk as predikant kon doen nie.

Want baie mense vind die sin van hulle bestaan in wat hulle elke dag doen. Mense vind alleen vervulling in hulle lewe as hulle elke dag kan opstaan om hulle werk te doen as bv. boer, huisvrou, ma, professor, prokureur, onderwyser of wat jy ook al doen. Wanneer so ʼn persoon dan aftree, beleef hy of sy ʼn geweldige krisis want nou voel dit vir hom of haar of hulle lewe nie meer sinvolle betekenis het nie.

Ander vind weer lewensvreugde en vervulling in die sekuriteit van aardse besittings en bou hulle lewe daarop! Om ʼn suksesvolle besigheid of werk te hê maak my lewe betekenisvol want ek bou aan my sekuriteit.

Ander vind dalk weer die sin van hulle bestaan in ouer-wees! Dat ek ʼn pa of ma is of selfs oupa of ouma en dit word die sin van my bestaan: dat ek my kinders grootmaak of ʼn beduidende rol in my kleinkinders se lewe speel!

Ander vind lewensvervulling en pret en plesier, sport en vakansie en reise! Dit maak hulle lewe betekenisvol!

Maar brs en srs, die prediker is baie reguit en duidelik oor al die dinge: dit is ʼn gejaag na wind! Hierdie dinge gee nie vir jou ware lewensvervulling nie! Nee! Ware lewensvervulling word eers ervaar as jy jou vreugde vind in wie jy is naamlik: beeld van God en nie in wat jy doen nie! Dat jy God se kind is, Hom liefhet en in Hom jou lewensvreugde vind, dit gee ware lewensvervulling!

Want sien: by die skepping het God jou eers ʼn “iemand” gemaak en toe aan jou ʼn opdrag gegee! Daarom moet ek en jy eers die “iemand” wees wat God ons gemaak het, dan word ons lewensopdrag betekenisvol!
Prediker sê dit net in ander woorde: Hy sê: “[24]Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit ʼn gawe uit die hand van God is. [25]Wie kan eet, wie kan geniet as Hy dit nie moontlik maak nie? [26]Vir die mens met wie se lewe God tevrede is, gee Hy wysheid, kennis en blydskap. Maar die een met wie Hy nie tevrede is nie, kry die taak om op te gaar en bymekaar te maak en dit dan te gee aan een met wie God tevrede is. Ook hier kom dit dus tot niks. Dit is ʼn gejaag na wind.”

Weer terug in Genesis 1: wees eers beeld van God en voer dan so jou taak uit om te heers oor die aarde.

Nou dan die vraag: wat beteken dit as God sê dat Hy ons na "sy beeld" geskape het? Daar word in Gen. 1: 26 twee Hebreeuse woorde gebruik om te beskrywe hoe God die mens gemaak het. **Die eerste woord "zelem" dui op iets wat die afdruk van iets anders is**. Dit woord word ook gebruik vir afgode wat gemaak is om iets af te beeld. Dit kan ook beteken "skaduwee" van iets. Dit lyk soos iets maar is nie daardie voorwerp self nie.

Kom ek verduidelik dit vir ons kinders met 'n stempel. As beeld van God lyk ons soos God maar ons is nie soos God self nie! Die afdruk op die papier lyk soos die stempel maar is nie die stempel self nie! So het God ons gemaak dat ons iets van Hom op aarde uitbeeld!

Maar onthou nou: hierdie woorde moet nie fisiese of liggaamlik verstaan word asof ons liggaamlik soos God lyk nie! God het nie 'n fisiese liggaam soos 'n mens nie**. Hierdie ooreenkoms lê in die geestelike eienskappe wat die mens ontvang! Die Nuwe Testament noem dit kennis, om te kan onderskei tussen goed en kwaad en om die wil van God te ken en uit te leef.**
Daarom het die nuwe vertaling gekies om hierdie woord met "verteenwoordiger" te vertaal. Ons verteenwoordig God op aarde! En dit is net die mens wat met hierdie eienskap geskape word – heeltemal anders as die res van die skepping.

Die <u>tweede Hebreeuse</u> woord "demut" wat gebruik word om ons beeldskap te verduidelik kan eintlik as sinoniem vir "zelem" gebruik word en wys op die ooreenkoms in vorm tussen die stempel en sy afdruk! Daarom word dit vertaal met "gelykenis" Ons kom op 'n besondere manier ooreen met God omdat ons ook soos God kennis het, emosies, 'n morele wil het om te besluit.

<u>In die lig van die Nuwe Testament kan ons ook sê dat ons beeld van God is omdat ons in 'n verhouding met God leef!</u> Elke mens op aarde leef in 'n verhouding met sy of haar skepper **<u>en dit is in hierdie verhouding wat ek my vreugde as mens moet vind!</u>** Dat ek weet dat ek 'n kind van God is, dat Hy my liefhet en dat my verhouding met Hom die sinvolheid van my bestaan bepaal. Eers nadat God ons iemand gemaak het, gee Hy in Genesis 1: 27 ev. aan ons ons werk waarmee ons oor die aarde moet heers.

Br en sr, as ek die verhouding met God ignoreer of Hom nie die sentrale punt van my lewe maak nie, dan sê die Prediker sal niks anders wat ek op aarde kan of wil doen, ook vir my enige vervulling of lewensvreugde gee nie! En kyk net 'n bietjie waar het hy oral vreugde en vervulling gaan soek:
In kennis en wysheid – baie grade verwerf
Plesier en pret – baie gedoen om te lag en geniet
Groot ondernemings en besigheid en bouwerke – damme en tuine
'n Groot werkersmag wat alles kon doen wat hy beveel
Geld – silwer en goud – 'n vet bankrekening

Kultuurbedrywighede: kore en musiek
Baie meisies met wie hy die lewe kon geniet
Maar dan sê hy: [11]Maar toe ek goed nadink oor alles wat ek gedoen het en oor alles waarmee ek my met soveel sorg besig gehou het, het ek gesien dat alles niks was, ’n gejaag na wind. In hierdie wêreld bevredig niks nie.

Hoekom nie? Want met die sondeval het alles wat ons doen met sonde bevlek geraak en daarom kan dit nie vir my vreugde gee nie! In Genesis 3 sê die Here vir die mens: “die aarde is deur jou toedoen vervloek en met moeite sal jy daaruit ’n bestaan maak”. **Sonde het gemaak dat ons nie meer “beeld” of verteenwoordiger van God kan wees nie!** As gevolg van die sonde is die beeld van God verwoes en kan ons werk of dit wat ons elke doen nie meer vir ons vreugde inhou nie! Nou word menswees moeite want die verhouding met God is verbreek. Adam en Eva moet uit die Paradys en die opdrag van die mens om die aarde te beheers en selfs om ouer te wees, is moeite en verdriet! Dit is waarmee ons worstel!

Maar, geliefdes, God het genadig in hierdie moeitevolle bestaan van ons lewe ingegryp om dit steeds betekenisvol en vreugdevol te maak. Dit is hoekom Christus moes kom om die sonde weg neem en ons “beeldskap” word in en deur Hom herstel! God sorg dat iets van sy beeld in ons weer kan skyn! Dat die lyne van die stempel weer duidelik gesien kan word. Christus neem die sonde weg en herstel die beeld van God in ons deur sy versoeningswerk.

Deur in Christus te glo en gehoorsaam aan God te lewe word ons nou weer al hoe meer herstel om soos God te wees – om die ware beeld van God op aarde te vertoon! Ons lees in 2 Kor. 3:18 “[18]Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.” Die Heilige Gees is as’t ware die ink wat die stempel al hoe duideliker laat afdruk!

Br en sr, hierdie vernuwingswerk wat die Heilige Gees in my lewe doen moet die sentrale fokus van my lewe wees – <u>anders vind ek geen vervulling of lewensvreugde</u> nie! Daarom roep Paulus die Efesiërs op in hf 4:23–24 “[23]Julle gees en gedagtes moet nuut word; [24]lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.”

Br en sr en liewe kinders: kom ons maak dit nou prakties! Wat maak dat ek elke dag vreugde en lewensvervulling vind? As ek doelbewus deur my geloof in Christus en biddend deur die Heilige Gees eers “kind van God is” – sy beeld dra deur Hom lief te hê, sy wil te soek en dit elke dag uit te leef!

Prakties beteken dit dat ek elke dag hierdie verhouding met God moet beoefen, deur tyd met God deur te bring met sy Woord en deur gebed. Deur doelbewus vir myself te sê dat wat ook al ek vandag moet doen, net sinvol kan wees as ek dit doen om iets van God vandag af te beeld! Ek moet vandag in my dagtaak - in wie ek is en wat ek doen - iets van sy heerlikheid, sy goeie wil, sy liefde, sy genade, sy nuwe lewe in my vertoon!
Geliefdes, eers dan word wat ek doen betekenisvol! Dan kry dit betekenis omdat ek dit doen om my Godgegewe beeld uit te leef! Ja, dan word selfs die slegste en swaarste werk betekenisvol want ek doen dit vir God! Om Hom daarin te verheerlik – ongeag die voordeel of nadeel wat ek daaruit trek!

Brs en srs, dit is die geheim van ’n gelukkige lewe en dit is die konklusie waartoe die boek Prediker kom in hf 12: die vreugde van elke dag is om God te dien en Hom te gehoorsaam! Dan kan ek my werk verloor of aftree of my eggenoot verloor of sonder kinders wees en steeds lewensvervulling ervaar!

Geliefdes, kom ons soek dan nie ons sekuriteit en ons lewensvreugde in wat ons doen en wat dit ons op aarde kan bied nie. **Kom ons soek dit eerste in wie ons is: beeldraers van God!** Dat ons in Christus nuwe mense is en dat ons weer God se verteenwoordigers op aarde kan wees! Dat ons in die regte verhouding met Hom kan lewe en dit is die hoogste vreugde van ons lewe! Dit is ons identiteit en dit is waarin ons vreugde en vrede lê.

Ons kinders weet dit mos ook: pappa en mamma is nie lief vir jou net wanneer jy gehoorsaam is nie, hulle is lief vir jou omdat jy hulle kind is! So ook die Here: Hy het ons in Christus sy kinders gemaak: kom ons wees eers dit! Kom ons leef in liefde vir God, ons soek elke dag om Hom te gehoorsaam en ons leef elke dat uit ons verhouding met Hom! Dan ervaar jy ware lewensvervulling ongeag van wat jy elke dag as jou dagtaak sien! En hierdie lewensvervulling het nie net betekenis vir hierdie lewe nie – nee! Die Here beloof dat dit nog heerliker word as ons die lewe na die dood by Hom voortsit. Dan ervaar ons die ewige vreugde nie net om beeld van God te wees nie, maar in die teenwoordigheid van God te wees! Wat ’n wonderlike genade!

Amen